# Die SAVOF Deelname Regulasies onder die Covid19 Inperking Wetgewing verwys.

1. **SAVOF verantwoordelikheid:**
   - **i.** Alle organiseerders van hengel (sport) kompetisies is verantwoordelik vir die aanbied van aktiwiteite volgens die inperkings en Covid19 regulasies en kan wetlik aanspreeklik gehou word vir nalatigheid of doelbewuste oortreding van die regulasies.
   - **ii.** Alle deelnemers aan hengel (sport) kompetisies is verantwoordelik vir die nakoming van die inperkings en Covid19 regulasies en kan dissiplinêr en/of wetlik aanspreeklik gehou word vir nalatigheid of doelbewuste oortreding van die regulasies wat insluit die interne regulasies van SASACC en SAVOF. Dit is ook elke deelnemer se verantwoordelikheid dat indien hy/sy in kontak was met iemand wat positief getoets het vir Covid19 of indien simptome getoon word, mag hy/sy glad nie by enige hengel aktiwiteit op te daag en deel te neem nie.
   - **iii.** Daar bestaan dus dubbele verantwoordelikheid op alle deelnemers en organiseerders om ten alle tye mekaar se veiligheid ingedagte te hou en mekaar te beskerm teen potensiële infeksies.
   - **iv.** Die deelname regulasies van SASACC en SAVOF is gebaseer op die Staatskoerante wat uitgereik is/word deur COGTA en DSAC.

## ***Besluite soos geneem deur die Dagbestuur in die vorm van uitbreidings tot die SAVOF Covid19 Deelname Regulasies:***

1. **Deelnames deur persone wat positief getoets het of blootgestel (wetende) was**.
   Die volgende regulasies geld:

   **i. Indien 'n persoon/lid/hengelaar wat voorheen positief getoets is vir Covid19,** beoog om aan enige van SAVOF se aktiwiteit (Elite, Pro Mania, Klub kompetisies, Provinsiale kompetisie, Streek en Nasionale Kampioenskappe) wil deel te neem, moet die persoon 'n negatiewe Covid19 toets indien by die betrokke organiseerder as bevestiging van gesondheid status.

   **ii. Indien 'n persoon/lid/hengelaar blootgestel (wetende) was aan 'n persoon wat vir Covid19 positief getoets het**, moet die persoon verkieslik in self-kwarantyn gaan vir 'n periode van 14dae. Gedurende hierdie 14dae tydperk mag hierdie persoon glad nie

deelneem aan enige SAVOF aktiwiteite nie. Indien die persoon geen simptome toon nadat die 14dae verby is, mag die persoon weer deelneem aan SAVOF aktiwiteite.

**Dra van maskers/buffs tydens deelnames.**

i. Alle deelnemers aan hengel aktiwiteite sal tydens die aankoms by die oewer 'n masker/buff dra wat oor die mond en neus geplaas is vir die skaderingsproses.

ii. Alle hengelaars kan met die aankoms op sy/haar pen die masker/buff aftrek vanaf die mond en neus. Dit is nie 'n vereiste om die masker/buff te dra tydens die hengeltyd (vanaf die sein blaas vir die begin tot die sein blaas aan die einde) nie. Die hengelaars is egter verplig om die masker/buff permanent om sy/haar nek te dra sodat dit beskikbaar is indien kontak met persone gaan plaasvind.

iii. Alle hengelaars sal wanneer hy weens die speel van 'n vis sy eie "hengelspasie/pen" moet verlaat om teen die oewer af te stap, sy/haar masker/buff dra oor die mond en neus aangesien potensiële kontak met ander hengelaars/persone kan plaasvind.

iv. Alle beamptes, spanbestuurslede, reserwes en deelnemers (nie hengelaars nie) by hengel aktiwiteite sal ten alle tye 'n masker/buff dra oor sy/haar mond en neus wanneer daar op die oewer beweeg word of in kontak is met ander persone.

v. Alle deelnemers betrokke by die inweegproses sal 'n masker/buff dra wat oor die mond en neus geplaas is vir die duur van die inweeg en totdat die oewer verlaat is.

### 3. Deelnames aan Elite -, Pro Mania -, Tackle Pro Feeder Freestyle -, Klub kompetisies, Ligas en Proewes.

Hiermee die aangepaste regulasies in die verband:

SASACC en SAVOF is volgens wetgewing verantwoordelik vir die veilige aanbied van sport aktiwiteite en die verantwoordelikheid strek vanaf die aankoms by die oewer tot die vertrek vanaf die oewer.

**i.** **COVID toets** nie van toepassing nie, slegs skandering. **(lees saam met punt 2 ).**

ii. **Alle deelnemers aan sport aktiwiteite is verantwoordelik vir sy eie veiligheid** (voorkoming van infeksie) deur korrekte optredes tydens deelnames maar belangrik ook voor en na die deelnames. Hier word verwys na aspekte soos die saam ry, saam oornag, saam kuier, saam eet, ens. Julle sal onthou dat die risiko analise van die Dagbestuur baie duidelik aangedui het dat hierdie spesifieke aspek een van die grootste risikos vir infeksie is met deelnames aan die sport.

iii. **Hiermee word toestemming verleen aan Elite, Pro Mania, Tackle Pro, Klubs en Provinsies om kompetisies/ligas/proewes** te mag aanbied wat oor twee dae strek of twee dae na mekaar plaasvind.

iv. **Elke deelnemer** wat sou deel wees van die sogenaamde "saam ry, saam oornag, saam kuier, saam eet, ens" omstandighede vir sy/haar eie veiligheid en gesondheid verantwoordelik is. SASACC en SAVOF aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid indien enige deelnemer aan hengel aktiwiteite infeksie opdoen weens blootstelling aan hierdie gevare nie.

## 4. PAL regulasies.

### i. Skandering van Deelnemers, Beampte, Organiseerders:

a. Deelnemer kom by die venue se hek aan en klim **nie** uit die voertuig nie.
b. Deelnemers en gasheer moet maskers / buffs dra
c. Al die vensters van die voertuig moet oopgemaak word.
d. Deur die oop voertuig ruit – gasheer/beampte meet temp. en toon die resultaat:
   - ≤ 37,5 °C - mag deelneem.
   - ≥ 37.6 °C mag **nie** deelneem nie - **vertrek onmiddellik.**
   - Deelnemer/passasier moet sy temp self op die skanderings dokumenteer aanteken.
   - Deelnemer/passasier oorhandig die skandering dokument aan die gasheer /Beampte
   - Alle persone in voertuig moet skanderings dokument invul en inhandig voor toelating tot oewer
e. Voertuig vertrek na deelname gebied / pen

### ii. Hengel

a. Hengaars sal alleen op 'n pen hengel.
b. Hengelaars mag nie nader as 1,5m vanaf ander deelnemers kom (speel & land van vis) nie.
c. Hengelaars moet verkieslik self skep (hulp mag verleen word indien dit 'n groot vis is of verstrengel is maar masker of buffs moet gedra word- 2 m sosiale afstand )

d. Hengelgerei mag glad nie deur ander hengelaars gehanteer word nie.

e. Die volle deelname en inweeg regulasies van SASACC sal streng nagevolg word.

f. Die beamptes sal ten alle tye geskei wees van mekaar en geensins gesamentlik punte verwerking afhandel nie –Beampte komitee.

g. 'n Ouer of familielid wat juniors/hengelaar na die oewer aanry, kan die hengelaar by die oewer aflaai en moet die voertuig ten minste 20m weg van die pen parkeer met 5m tussen spasies.

h. Hengelaars mag glad nie in groepe bymekaar kom of langs mekaar parkeer om te gesels nie.

i. Hengelaars moet na die pen ry, hengel, inweeg en terug ry na die akkommodasie plek of tuiste.

j. 'n Stel van inweeg toerusting mag slegs deur 1 beampte hanteer word vir die duur van die kampioenskappe.

k. Ablusies by die oewers moet volgens die regulasies deur gereelde disinfeksie prosesse gaan.

l. Pen en sone lotings sal op 'n elektroniese platform plaasvind en hanteer word deur die Hoofbeampte.

**iii. Inweegproses wysigings:**

***<u>Die volgende proses sal gevolg word tydens alle inweeg sessies:</u>***

a. Die inweeg sal hanteer word deur 2 persone, bv. Beampte en assistent (spanbestuurslid/ hengelaar). Verkieslik moet assistent die skaal en inweegmandjie ten alle tye hanteer, beampte die inweegstaat voltooi en hengelaar die vis/houtnet.

b. Bewegende skale sal gebruik word.

c. Die hengelaar bring die hounet na die skaal. (indien dit te swaar is, kan die inweeg assistent help maar moet sy hande ”sanitize” na hantering van die hounet.

d. Die inweeg assistent neem die mandjie na die water en plaas die vis terug in die water (indien foto’s geneem wil word, kan die vis teen die waterlyn op die hounet geplaas word en daarna vrygelaat word).

e. Die volgende hengelaar bring sy/haar hounet vir die inweeg as die geweegde hengelaar skaal area verlaat.

f. Alle persone betrokke by die inweeg proses sal ʼn buff of masker dra.

g. Alle persone betrokke by die inweeg proses sal sosiale afstand handhaaf.

Nota. Beamptes word versoek om die proses binne regulasies te verfyn.

**5. Oortreding van Covid19 en deelname regulasies.**

a. Die straf van persone wat die regulasies nie na kom nie is daar om mense af te skrik maar anders dan met hengel reëls oortreding is hierdie oortredings van so aard dat mense kan sterf.

b. Die besluit is dus geneem deur die Dagbestuur dat indien ‘n persoon enige van die deelname regulasies of Covid19 regulasies oortree onmiddellik gediskwalifiseer word vir die dag se deelname en die persoon moet dadelik die oewer verlaat. Die aangeleentheid is ernstig en ons kan nie die regulasies as ligtelik opneem nie.

c. Die verantwoordelikheid vir die bestuur en nakoming van die regulasies, vanaf die kompetisie begin tot dit eindig, rus vierkantig op di skouers van die organiseerders van die kompetisie of toernooi.

d. Die gedrag van deelnemers aan kompetisies van SAVOF, Provinsies en klubs, voor en na kompetisies, is elke persoon se eie verantwoordelikheid om hulself te beveilig.

e. SASACC, SAVOF, Provinsies en klubs sal geensins aanspreeklik gehou kan word vir infeksies wat plaasvind buite amptelike hengeltye.

***Die SAVOF Dagbestuur vertrou dat hierdie regulasies in ‘n positiewe lig aanvaar sal word en dat dit die deelname van ons hengelaars sal aanwakker.***